Lekkerbekkie

Gratis e-tydskrif vir ouers en kleuters

Uitgawe 15 **Julie 2012**

Inhoud

Artikels

Spesiale bylae: Aanneming: Maatskaplike werker vertel 3
Spesiale bylae: Sebastian se mamma vertel 4
Spesiale bylae: Kateline se mamma vertel 5
Wanneer iemand naby aan my kind sterf 6
Pienkvoet Pret: Mylpale in jou baba se eerste jaar 7
Kuns: Papier sneeuvlokkies 8
Oulike produkte: Bazoo 9

Vir die kleingoed

Storie: Lekkerbekkie en die nuwe hasie 1
Inkleurprentjie 2
Speletjie: Papier en Potlood speletjie 10
Speletjie: Soek die verskille 11

Bak en brou

Resep: Reënboog Plaatkoekies 8

Kompetisie

Wen ‘n Storieklub-CD 11
Bestelvorm 12

Model: Joah le Roux Foto: Blessed Babies | www.blessedbabies.co.za

‘n Baie spesiale uitgawe van *Lekkerbekkie*…

My suster en haar man het sowat vyf jaar gelede ‘n seuntjie aangeneem, en sederdien is aanneming iets wat ons hele familie baie na aan die hart lê. Nie net was dit ‘n wonderlike belewenis van genade en vreugde nie, maar dit het ons oë oopgemaak vir die geskenk van lewe. In hierdie vyftiende uitgawe van *Lekkerbekkie* kyk ons dan ook ‘n bietjie in detail na die onderwerp…

Ons het ‘n maatskaplike werker gevra om bietjie meer inligting te gee rondom mense se vrese en vrae oor aanneming. Ons deel ‘n getuienis of twee van mammas wat kinders aangeneem het. En in ons kinderstorie ontmoet Lekkerbekkie Muis die hasies se nuwe boetie.

Weereens is hierdie uitgawe vol heerlike reseppies, oulike artikels, kuns-idees en aktiwiteite vir die klein maatjies! En as jou kleinding ‘n “storie-vraatjie” is moet jy beslis by die Storieklub aansluit om elke maand jou keuse van kinderstorie-produkte in die pos te ontvang – sien inskrywingsvorm op die laaste bladsy.

Groete uit die kantoor
Anna Emm

STORIEKLUB!

Kry ´n nuwe storie-CD en A4 boek elke maand in die pos!

(Inskrywingsvorm op laaste blad van hierdie tydskrif)

© Anna Emm Productions 2012

Lekkerbekkie en die nuwe hasie

Onder in die bos speel ‘n nuwe hasie tussen al die ander hasies.

“Waar kom hierdie hasie vandaan?” vra Lekkerbekkie Muis.
“Hy lyk dan glad nie soos die ander hasies nie? Sy stertjie is bietjie langer.”

“Dis ons nuwe boetie!” sê die hasies. “Hy woon nou by ons in die hol boomstomp.”

Maar Lekkerbekkie Muis verstaan nie. Later daardie dag gaan stap hy langs die stroompie. By die stroompie speel die nuwe hasie saam met die ander hasies.

“Waar kom hierdie hasie vandaan?” vra Lekkerbekkie Muis. “Hy lyk dan glad nie soos die ander hasies nie? Sy haartjies is ‘n bietjie korter.”

“Dis ons nuwe boetie!” roep die hasies. “Hy slaap nou saam met ons lekker warm in die hol boomstomp.”

Lekkerbekkie Muis verstaan nogsteeds nie. Daardie aand roep die mamma-hasie al haar kinders om te kom aandete eet. Die nuwe hasie glip ook by die hol boomstomp in om te kom aandete eet.

“Waar kom hierdie hasie vandaan?” vra Lekkerbekkie Muis vir die mamma-hasie. “Hy lyk dan glad nie soos die ander hasies nie? Sy oortjies is dan bietjie korter!”

Die mamma-hasie lag en sê: “Die nuwe hasie is my kind, Lekkerbekkie Muis. Party kinders kom uit jou eie lyf uit, en ander kinders broei uit eiertjies uit. Maar hierdie hasie het ek by die bos gekry.”

Lekkerbekkie Muis verstaan nie, maar die mamma-hasie sê: “Gister het ek in die bos gaan stap, en toe kry ek ‘n klein hasie wat alleen in die paadjie sit en huil. Hy het nie meer ‘n mamma en ‘n pappa gehad nie. En hy het nie ‘n huisie van sy eie gehad nie. Toe vat ek hom vir my en nou is hy my kind. Dis omdat ek hom by die bos gekry het dat hy anders lyk. Is hy nie pragtig nie?”

Lekkerbekkie Muis dink die nuwe hasie is die mooiste hasie van almal! Hy loer by die boomstomp in en sien hoe die ou hasies en die nuwe hasie heerlik smul aan die bak wortelsop wat die mamma-haas gemaak het. Dan krul hulle styf teen mekaar op om aan die slaap te raak.

“Ek wil ook een van jou kinders wees!” roep Lekkerbekkie Muis. “Kan ons nie net vir vanaand speel ek het nie ‘n huisie nie, en dat ek ook ‘n hasie is wat net so bietjie anders lyk nie? Dan kan ek ook van die wortelsop eet en saam met die hasies aan die slaap raak!”

Al die ander hasies dink dis ‘n baie goeie plan! En toe speel hulle presies dit.

Die Einde

Anna Emm het al meer as 700 kinderstories geskryf en op CD vrygestel. Sy woon in Kaapstad en is getroud met 3D animasie kunstenaar, Stefan van der Vyver. Sy is ma van Elanie (12) en Mila (1). ***www.annaemm.co.za***

© Anna Emm Productions 2012

Lekkerbekkie en die nuwe hasie

Kleur in



© Anna Emm Productions 2012

Aanneming: 'n Maatskaplike werker vertel hoe dit werk

Wilna Malherbe is 'n gekwalifiseerde maatskaplike werker wat al die afgelope 20 jaar aannemings doen. Sy het reeds 17 jaar lank al haar eie privaatpraktyk, en fasiliteer ook surrogaatskappe en infertiliteitsverwante berading. Sy glo in die proses van aanneming, en voel bevoorreg om in 'n posisie te wees waar sy mense se drome om kinders te hê te kan laat waar word. (Haar assistent, Chantal Roux, het ook gehelp antwoord aan ons vrae.)

Wat sou jy graag wou sien verbeter in Suid Afrika ten opsigte van aannemings?
Ek wens dat Suid-Afrikaners meer bewus wil word van aanneming as 'n opsie – ek bedoel die aanneemouers én die biologiese mammas. Dis steeds 'n taboe in sekere Suid-Afrikaanse kulture, en baie mammas oorweeg steeds eerder 'n aborsie. Maar ons het al 'n lang pad gekom. Aannemings het meer deursigtig geraak die afgelope 10 jaar. Dis ook nie meer net iets wat mense doen wat nie kan kinders hê nie, maar die klem het deesdae baie verskuif na ook die beste belang van die kind. Aanneming het ook baie meer toeganklik geword - selfs vir enkelouers en ouerpare wat reeds kinders het.

Wat is die stappe wat voornemende aaneemouers moet volg?
Aanneming is 'n regsproses. Daar is 'n baie streng keuringsproses. Die aanneemouers moet 'n polisieklaring ondergaan om te verseker dat hulle geen kriminele rekord het nie. Hulle moet geregistreer word op die Register vir Kinderbeskerming om te verseker dat ons persone wat skuldig bevind is aan enige vorm van kindermishandeling of seksuele oortredings uitsluit. Daarna is dit die "screening" proses waar ons hulle beter leer ken, hulle assesseer en die hele aannemingsproses van begin tot einde verduidelik.

Wat is die belangrike dinge wat voornemende aanneemouers moet oorweeg?
Hulle moet vrede in hulle harte hê en oortuig wees dat hulle onvoorwaardelik vir die kind sal kan liefwees asof hulle self aan hom geboorte gegee het. Dit verg daardie ekstra bietjie moed – veral vir ouers wat nie kinders van hulle eie kan hê nie! Vrae wat vooraf met familie bespreek moet word is: moet dit 'n kind van jou eie kultuur wees, moet dit 'n babatjie wees of is jy oop vir 'n ouer kind, sal jy 'n siekte toestand kan hanteer?

Hoe lank neem hierdie proses? En is dit duur?
Aanneming kan 'n duur en tydsame proses wees. Die koste hang af van die omstandighede. Nadat n egpaar goedgekeur is vir aanneming, kan dit 'n frustrerende wag periode raak voordat 'n baba beskikbaar kom vir aanneming. Vandat die biologiese moeder haar toestemming verleen tot die aanneming van haar baba is daar 'n 60 dae "afkoel periode" waarin sy nog kan herbesin. Na verloop van die 60 dae is die proses finaal en kan daar voortgegaan word met die wetlike aanneming. Ons as maatskaplike werkers is verantwoordelik vir al die hofverslae en die deurvoer van die proses. Die aanneming moet op die Nasionale Aannemingsregister geregistreer word. Dan kan dit nog 'n paar maande tyd vat vir die naamsverandering wat by Binnelandse Sake gedoen word.

Wat is die voor- en nadele van 'n oop aanneming vs. 'n geslote aanneming?
Die Kinderwet verwys geensins meer na geslote- of oop aanneming nie. Ek verkies "oop aanneming" omdat dit die voordeel het dat die biologiese mamma deel kan word van die proses. Omdat die hele proses so emosioneel is, is dit wonderlik dat aanneemouers en die biologiese moeder die intensiteit van die geboorteproses saam kan beleef en kan besef dat hulle nie 'n bedreiging vir mekaar is nie. Oop aanneming bring ook meer berusting by die biologiese moeder omdat sy die ouerpaar self kon kies en kon ontmoet. Daar is bewys dat 'n biologiese moeder meer berusting ervaar wanneer sy toegelaat was om die proses mee te maak.

Wat is mense se grootste vrese rondom aanneming?
Daar is 'n vrees dat die kind nie geneties by hulle sal "pas" nie. Sodra hulle besef dat opvoeding 80% en genetika moontlik net 20% van die kind gaan uitmaak, raak hulle rustiger. Ouers is ook bang dat die biologiese moeder haar baba tydens die afkoelperiode van 60 dae sal wil terugneem. Die statistieke op terugtrekking van aannemings deur biologiese mammas is uiters klein. Ouers moet besef dat aanneming slegs 'n genadegawe is en dat geen kind 'n besitting is nie - selfs nie 'n biologies kind nie. Dit is baie lekker om met Christen ouers te werk wat weet dat God in beheer is. Dit is ook nou volgens die nuwe Kinderwet verpligtend om jou kind te vertel dat hy aangeneem is. Jy as ouer moet dus aanneming as 'n positiewe ding ervaar, sodat jy dit ook vir jou kind as positief kan oordra.

Wat is vir jou die mees "rewarding" deel van jou werk?
Die reuse getal aanneemstories! Soos een van my biologiese mammas wat haar baba vir egpaar X opgegee het vir aanneming. Hulle het haar voor die geboorte van die baba ontmoet. Die aanneemmoeder het besluit dat sy graag met my toestemming die biologiese moeder saam met haar vir 'n massering na 'n SPA wil neem. Daarna was hulle saam in die teater met die baba se geboorte en 'n kosbare drie dae saam in die hospitaal beleef.

Na ontslag uit die hospitaal het die aanneemouers gereeld vir die biologiese moeder opdaterings gegee van die baba se vordering. Twee jaar later bied die biologiese moeder aan om 'n eierselletjie te skenk indien die aanneemouers hulle gesin sou wou uitbrei!

Aan die begin van hierdie jaar is 'n tweeling boetie en sussie gebore wat halfboetie en sussie van hulle oudste seuntjie is.

Die gesinnetjie is voltallig en baie gelukkig... en die biologiese moeder het vandag 'n ereplekkie in hulle harte en lewens!

© Anna Emm Productions 2012

Aanneming: Sebastian se mamma vertel…

Een van **Helena van den Berg**, eienaar van My Favourite Things, se groot gunstelinge in die wêreld, is aanneming. Sy vertel haar storie:

Vandat ek op skool was, het ek altyd in my hart die begeerte gedra om eendag 'n kind aan te neem. Die passie was so sterk dat ek al gewonder het of my biologiese kinders nie sleg gaan voel nie, aangesien ek met soveel passie die ander kind(ers) in my huis en hart wou inneem. In retrospek sal al my vriende vir jou kan vertel dat Helena altyd gesê het dat sy 'n kind wil aanneem. Ek het selfs vir my ma 'n paar aande voor hy gekom het, gesê dat al gaan ek my hele lewe deur en raak nooit self swanger nie, ek okay sal wees, maar as ek nooit 'n kind kan aanneem nie, sal ek altyd voel ek het uitgemis op iets.

Ons het gehoor van hom by vriende van ons wat sy ma geken het. Ons het uitgevind dat sy toevallig by dieselfde maatskaplike werker is as ons. Ons maatskaplike werker het gesê niks is toevallig nie, na 'n ondersoek besluit dat dit 'n goeie "match" sou wees en ons profiel aan sy ma voorgelê. Sy het ons gekies om die verantwoordelikheid van hierdie ongelooflike mensie by haar oor te neem. Net dit. Sy gee nie haar kind weg of op nie, sy dra net die verantwoordelikheid oor aan ons.

Dis nog 'n ding. Voor jy enigiets met aanneming te doen het, is die ma die vyand. Hoe minder jy met haar te doen het en hoe minder sy met die baba te doen het, hoe beter. Netnou verander sy van plan, vat hom terug, en dan wat? Wanneer jy in hierdie nuwe wêreld instap, besef jy dat hierdie mammas ongelooflike mense is. Om op sestien, of enige ander tyd, die volwassenheid, moed en liefde te hê, jouself te ontken en nege maande te loop om hierdie mensie 'n beter toekoms te gee as wat jy kan, is ongelooflik. Ons moet hulle wil ontmoet, genoeg van hulle af wil leer, sodat ons eendag vir hierdie mensies kan vertel hoe spesiaal hulle mammas was.

Sebastian is 5 min voor my verjaarsdag gebore. Ek het langs sy ma gestaan terwyl sy gekraam het en toe hulle hom in my arms sit, was hy my grootste geskenk nog ooit. Ek het 4 jaar vir hom gewag en gebid, sonder om te weet wie hy sou wees of waarvandaan hy sou kom. Na vier jaar het ons besluit om nie deur enige mediese behandelings soos in-vitro te gaan nie, maar eerder direk te gaan vir aanneming. Ons het besluit dat miskien, in plaas van eers ons biologiese kinders en dan aanneming, ons dit dalk andersom moet doen. Ons tydsberekening was perfek want Sebastian is 'n maand later aan ons toevertrou.

Deur al die jare van passie vir aanneming, het ek altyd geweet dat een van my kinders tien teen een nie blank sou wees nie. Ek was opgewonde oor die idee. My man weet van voor ons troue hiervan en moes hom maar voorberei daarop. Gelukkig het hy 'n ongelooflike hart en het nie opgehou totdat hy deur elke moontlike situasie gewerk het, en hy seker was dat hy kan pa wees vir iemand wat dalk baie vrae en opinies sal moet kan hanteer, as deel van ons huis nie.

En nou na soveel jaar van seerkry en wag, van saam met vriendinne opgewonde wees oor swangerskappe, babakamers, sonars, ooievaarstees en geboortes, slaap daar deesdae nog 'n mensie in ons huis. Niemand kon ons ooit voorberei op hoe mooi hy sou wees nie, hoe oulik hy sou wees nie, en hoe perfek hy by ons gesin sou inpas nie. Ek besef dat as ons swanger geraak het, sou ons nie net NIE vir Sebastian gehad het nie, maar ook tien teen een nooit aangeneem het nie.

Wat sal gebeur as mense anders begin dink oor al hierdie dinge? Ek wens dat meer mense sal besef dat jou eie kinders nie noodwendig uit jou eie liggaam sal, of hoef, te kom nie. Dat die mense wat in jou huis moet grootword, dalk reeds daarbuite vir jou wag, of dat daar, soos met ons, 'n mamma is wat baie hard bid vir 'n liefdevolle huis waar haar wonderwerkie kan grootword. Ek wens ek kon ook vir mense sê dat al word hulle dalk per ongeluk swanger, hulle nooit moet vergeet dat dit steeds 'n wonderwerk is nie, en dat daar duisende paartjies daarbuite is wat bid vir 'n wonderwerk.

Kan ons nie God ervaar deur te sien hoe daar goeie goed uit slegte goed kan kom, as ons Hom net toelaat om ons gedagtes te vernuwe nie.

bekende kinderstories

CD 1 stories:
1. Die drie varkies
2. Die gemmerbroodmannetjie
3. Die goue gans
4. Die drie rammetjies rof
5. Rooikappie
6. Die paddaprins

R100 elk
by
mail@annaemm.co.za
www.AnnaEmm.co.za

CD 2 stories:
1. Gouelokkies en die drie bere
2. Die musikante van Bremen
3. Die koning se nuwe klere
4. Die prinses en die ertjie
5. Die ses diensknegte
6. Die gestewelde kat

© Anna Emm Productions 2012

Aanneming: Kateline se mamma vertel…

Aleit is 'n gereelde gesig op *Pasella* as deel van die **Aleit Groep**, en hy en Madri, Nataniël se suster, het vandat hulle ontmoet het en lank voor hulle troue ewe sterk daaroor gevoel om 'n babatjie aan te neem. Dit was nie nodig om mekaar te oortuig nie, en dit is hier waar hulle reis begin. Madri vertel…

"Ons het 'n private aannemingsagent gaan sien aan die einde van 2008 en teen einde Januarie 2009 was ons ge"screen", getoets en voorbereid op ons eerste baba. Ek het die babakamer begin regkry en dit was inderdaad baie opwindend! Die hele proses was vir my baie emosioneel; ek was ook klein bietjie bang vir die groot nuwe stap wat ons neem, maar daar was iets binne ons wat ons gerusgestel het met die wete dat ons die regte ding doen. Middel Februarie 2009 kry ek die oproep: daar is vir ons 'n Kongolese babatjie beskikbaar… nog nie gebore en nie seker of dit 'n dogtertjie of seuntjie is nie. Die beste nuus in die hele wêreld! Ons harte was nog altyd oop vir Afrika kinders wat ouerhuise en liefde nodig het. Ongeveer twee weke later het ons die hoogs swanger biologiese ma ontmoet. Sy was so 'n mooi, sterk, jong vrou en ons kon nie glo ons was die gelukkige ouers om haar babatjie te kon grootmaak nie.

Gedurende daardie besoek het sy ook versoek dat ons sal by wees met die geboorte. Die "due date" was 9 Maart 2009. Ons was die hele nag aan haar sy, deur die hele kraamproses en geboorte. Kateline is uiteindelik, na 'n lang nag, ongeveer om 3 vm op 10 Maart 2009 gebore. En toe ek die eerste keer vir Kateline sien – vars gebore en rein, toe weet ek sy is my kind en die mooiste baba wat ek nog ooit gesien het. Ons was halsoorkop verlief op haar. Die volgende oggend het ek haar gaan haal en huis toe gebring. As ek nou daaraan terugdink, voel dit so "unreal" – waar het ek die krag vandaan gekry om so 'n pasgebore babatjie (iets waarvan ek niks geweet het nie) huis toe te vat?! Die Here was by ons met elke stap van die proses.

Kateline het onmiddellik en so goed by ons ingepas. Maar nou het die drie maande vensterperiode voorgelê – die tydperk wat die biologiese ma die kans het om van plan te verander. Sy kon nog omdraai en versoek dat sy haar kind terugkry. Net die gedagte daaraan was te erg vir ons. Die was 'n tydperk van intense emosies en ek dink ons het letterlik die ure afgetel en het 'n paar benoude oomblikke beleef. Ons het 'n paar "counselling" sessies met die biologiese ma gehad en ek kon sien hoe moeilik dit vir haar was – sy was meteens 'n ma wat leeg en hartseer was en ons was so bang dat sy vir Kateline sou terugvat. Ons het onsself probeer gerusstel deur te besluit dat watookal gebeur, dit die beste vir Kateline sal wees.

Die laaste dag van die drie maande het aangebreek en ons het haar weer gaan ontmoet – hierdie keer was die biologiese ma sterk en gelukkig en het vir ons en Kateline totsiens gesê. Ek sal nooit haar woorde vergeet nie:

"Tell her one day that I love her and that I never abandoned her".

Met Kateline het daar 'n verandering in ons harte gebeur waar ons sien wat is regtig belangrik in die lewe. 'n Mens se prioriteite verander oombliklik heeltemal, en dit is nie iets wat jy op voorbereid kan wees nie. Kateline is vir ons gekies vir 'n rede. Ons skep haar veilige plek en tuiste. "This is it!".

Ons is nou in die proses om vir Kateline "voor te stel" aan haar biologiese ma, ons wys vir haar foto's van haar en ook van Kateline in haar arms. Ons wil hê Kateline moet van die begin af verstaan dat sy twee mammas het. Ek het geleer dat ouers nie hul kinders "besit" nie, maar dat hulle aan ons "geleen" word om hulle voor te berei op hulle unieke en spesiale lewenspad. In die proses leer ons so baie van onsself, elke dag!

Ons is elke dag van ons lewens breëbors oor ons engelkind wat deel is van ons lewens, en so 'n groot seëning is!

Ons wens vir haar dat sy die uidagende, sterk, suksesvolle en liefdevolle vrou word wat sy bestem is om te wees!

www.kleuters.co.za

Oulike idees, produkte, advies
vir ouers met kleuters!

© Anna Emm Productions 2012

Wanneer iemand naby aan my kind sterf…

Die dood is so 'n wrede werklikheid, dat ons soek na maniere om dit vir ons kinders te versag. Dit is egter beter om eerlik te wees en die finaliteit van die dood te verduidelik.

Anders mag jou kind dalk skuldig voel omdat hy so hartseer is en dink dat hy oorreageer. Wanneer hy sien dat die grootmense rondom hom ook geskok is, ook huil, en ook rou, sal dit hom leer dat dit normaal is om so te voel en dat hy homself maar mag uitdruk. Kinders reageer baie verskillend rondom die dood van 'n familielid, en dit is belangrik om elkeen toe te laat om dit op sy eie manier te verwerk.

Die een kind sal na die begrafnis wil gaan en die ander nie. Laat elke kind sy eie besluit rondom die rouproses neem, waar moontlik.

Help jou kind om daaroor te praat deur jou eie gevoelens met hom te deel i.p.v. om vir hom vrae te vra oor sy eie ervaring. Gee baie liefde en verseker jou kind oor en oor dat daar altyd iemand sal wees om vir hom te sorg, maak nie saak wat gebeur nie. Baie kinders ontwikkel vrese rondom wat van hulle gaan word wanneer hulle ouers iets oorkom.

Wees bereid om dieselfde vrae oor en oor te beantwoord. Laat jou kind verstaan dat daar nie 'n regte en 'n verkeerde manier is om te voel nie. Sommige van jou kind se vrae mag baie dieper klink as wat dit werklik is. Gee net genoeg inligting om sy vraag te beantwoord, en laat hy eerder verdere vrae vra as hy meer wil weet.

Verduidelik aan hom hoekom mense doodgaan, m.a.w. dat die liggaam om een of ander rede ophou werk, dat dit met alle lewende dinge gebeur en natuurlik is. Kinders is ook soms bang dat hulle die geliefde sal vergeet. Maak 'n plakboek van foto's en pak sekere onthoudinge in 'n spesiale houer sodat die kind oor en oor daarna kan kyk wanneer hy wil. Tyd en ondersteuning sal kinders help.

Wees altyd bereid om te luister, vertel altyd die waarheid, aanvaar jou kind se emosies en help hom om dit uit te druk, omring hom met liefdevolle grootmense en hou by 'n vaste roetine. Vertel snaakse stories en help jou kind om te lag en nie skuldig te voel wanneer hy dinge geniet nie.

Die storie "Voëltjies van die Sonskynbos" help kinders om dood in die familie te hanteer.

Vita Stories

24 Dierestories wat kinders help met kwessies soos boelies, terg, egskeiding, groepsdruk, bang vir die donker,en spanning.

Slegs R40 per CD!

Kies van 24 onderwerpe

www.AnnaEmm.co.za

DIE Vita Stories REEKS

is 'n versameling van 24 heerlike dierestories op CD, vir kinders 3-9.
Elke storie is geskryf rondom 'n ander sosiale kwessie
en word ingespan om vir kinders lewensvaardighede,
emosionele weerbaarheid en positiewe gedagtepatrone te leer.

Elke CD sluit in : 'n luisterstorie oor 'n spesifieke kwessie, 'n inkleurprentjie, 'n ouerhandleiding, en die storie in teksformaat vir voorlees.

CD1: Die oranje stertjie - EGSKEIDING
CD2: Frikke die erdwurm - VREES VIR DIE DONKER
CD3: Daar was eenmaal 'n kewertjie - MISLUKKING
CD4: Die beertjie met die seer tand - SKEIDINGSANGS
CD5: Lappie die teddiebeer - NUWE BABA
CD6: Skilpad en die jakkalsies - BOELIES
CD7: Voëls van die sonskynbos - DOOD IN DIE FAMILIE
CD8: Nollie die klein varkie - AGGRESSIEWE GEDRAG
CD9: Wie sing so? - SPANNING IN DIE HUIS
CD10: Pietertjie en Paultjie - SIEKTE IN DIE FAMILIE
CD11: Timmie in die moeilikheid - GROEPSDRUK
CD12: Topsie die seekat - DIE EENKANTKIND
CD13: Kosie Krokodil - MISLUKKING
CD14: Die ou hoekie en nuwe hoekie - EGSKEIDING
CD15: Ignatius gaan skooltoe - VREES VIR SKOOL
CD16: Stompie is ongelukkig - DEPRESSIE
CD17: Dingetjie sonder naam - LAE SELFBEELD
CD18: Wat is fout met Michael? - SPANNING
CD19: Montie die apie - DIE EENKANTKIND
CD20: Sewe klein katjies - TERG
CD21: Dippie tel 'n eiertjie op - HARTSEER
CD22: Moenie die bessies eet nie - DWELMS
CD23: Kleinbeer se geheim - MISHANDELING
CD24: Bang Bennie - VREES

R40 per dubbel CD / R650 vir die volledige reeks op 6 CDs

www.AnnaEmm.co.za

© Anna Emm Productions 2012

Menige nuwe ma wonder of haar baba "op datum" is wat sy mylpale aan betref. Jy wil so graag jou baba sien rol, sit, kruip,opstaan en uiteindelik loop. Maar ontspan, elke baba het sy eie ontwikkelingstyd en hy sal wel daarby uitkom!

Hier is 'n paar riglyne van die mylpale wat jy in sy eerste jaar kan verwag met betrekking tot jou baba se beweging asook oog-hand koördinasie:

Beweging

- Tot en met 3 maande is alle bewegings baie onwillekeurig aangesien dit alles deur re flekse gekontroleer word.
- Vanaf 3maande begin baba sy kop lig en sal ook homself oplig terwyl hy op sy magie lê. Baba begin nou ook om-rol en vanaf 6 maande sal baba sonder enige hulp kan sit. Hy begin strek na voor-werpe in sy nabye omgewing en ontdek sy hande en voete.
- Tussen 6 en 9 maande sal baba stewig op albei voete kan staan met ondersteuning. Baba begin om vingerkos self te eet. Hy gee voorwerpe aan vanaf een hand na die ander en ontdek dus sy linker- en regterkant!
- Op 9 maande sit baba al heeltemal regop en kan voor-oor leun sonder om te val. Tekens van kruip kan voorkom maar hy wieg steeds vorentoe en agtertoe terwyl hy hande-vier-voet staan. Kruip kan enige tyd voorkom tussen 8 en 10 maande.
- Vanaf 12 maande begin baba homself teen meubels optrek en loop een of twee treetjies. Hand aan hand met mamma of pappa loop baba lang afstande. Sodra baba begin loop (enige tyd tussen 9 en 15 maande) is sy bene wyd uitmekaar en sy armpies voor hom uitgestrek vir beter balans. Voorwerpe wat ge-stoot kan word is nou van die lekkerste speelgoed.

Oog-hand koördinasie

- Baba se hande is sy eerste speelgoed. Vanaf 3 maande sal die gryprefleks verdwyn en sal baba doelbewus aan voorwerpe vat. Vanaf 4 maande kan baba afstand skat tussen die voorwerp wat hy wil vat. Op 6 maande hark hy alles nader en kan hy 'n verband trek tussen dit wat hy in sy hand het en dit wat hy hoor.
- Vanaf 10 maande begin baba alles met die duim en voorvinger optel en in sy mond steek. Hy begin om na voorwerpe te wys met sy wysvinger. Die bereiking van hierdie mylpaal loop hand aan hand met die ontwikkeling van fynmoto-riese ontwikkeling.

In die volgende uitgawe kyk ons na jou baba se intellektuele asook sosiale mylpale.

Ek nooi jou uit om 'n gratis les te kom bywoon by **PIENKVOET-PRET** waar ons al spelende leer. Babas tussen 3 maande en 3 jaar woon die klas saam met mamma by. Klasse is 'n uur en 'n half lank en tydens die les word alle vlakke van ontwikke-ling aangeraak.
Ons leer jou hoe om jou baba speel-speel te stimuleer en gee vir jou wenke en idees wat jy tuis kan herhaal.

Kontak ons gerus vir meer in-ligting en om jou plekkie te be-spreek!

Besoek ook gerus ons webwerf by www.pienkvoetpret.co.za en gaan loer na ons oulike dvd op Facebook!

© Anna Emm Productions 2012

Met die winter wat soos sneeuvlokkies oral oor ons land begin val het, is hierdie 'n lekker projek vir almal om hulle kreatiwiteit toe te pas en deur die eindproduk verras te word!

Volg die stappe saam met die nommers op die prentjies:

1. Gebruik 'n *vierkantige* stuk papier in die kleur van jou keuse (wie het gesê sneeuvlokkies moet ALTYD wit wees…?).
2. Vou die papier in 'n driehoek.
3. Vou dit weer 'n keer in nog 'n kleiner driehoek.
4. Draai die papier soos op die diagram, en vou dan ook die hoeke na binne.
5. Sny die punte onder af soos wat die skertjie wys.
   Knip nou enige patroon uit die oorblywende stuk papier (soos wat die grys deel wys op die prentjie).

Onthou: Moenie die boonste punt van die gevoude papier afknip nie, want dit vorm die middel van die sneeuvlokkie.

Nou kan julle die huis versier met 'n klomp kleurvolle sneeuvlokkies wat julle aan toutjies aan die dak kan ophang!

Resep

Hierdie maand kikker ons 'n ou reseppie op wat die kleingoed sommer self kan maak (met mamma wat natuurlik 'n ogie hou!) Hierdie resep is genoeg vir 20 plaatkoekies.

Bestanddele:
240g koekmeelblom (500ml)
20ml bakpoeier
2ml sout
20ml suiker
2 eiers
350ml melk
25ml olie

Metode:
1. Meng die droë bestanddele saam.
2. Meng die eiers, melk en olie saam, en voeg dan by die droë bestanddele.
3. Meng alles saam tot glad en romerig.
4. Voeg by 'n vulsel van jou keuse (sien al die opsies hier onder!)
5. Verhit 'n pan op die stoof met 'n bietjie botter/olie of "spray & cook"
6. Skep lepelsvol in die pan, en sodra jy die plaatkoekie kan oplig met 'n spaan, draai dit om. Braai dit ligbruin aan albei kante.
7. Bedien met stroop, roomys, room, vla….

Vulsels:
Mini smarties
Mini Astros
Chocolate Chips
Neute
Bessies (kyk of jy gevriesde bessies by die supermark kan koop!)
Jelly Tots
Sjokolade "sprinkles" of "100's & 1000's"

© Anna Emm Productions 2012

Bazoo leer Suid-Afrikaanse kinders oor natuurbewaring!

Ontmoet vir *Bazoo*, die skilpadjie wat onder die oorhangrots in Fynbosbuurt op Tafelberg woon.

Saam met sy maatjies, Dempies Dassie, Zak die slak, Nala Naaldekoker, Spinnerina Spinnekop en vele ander, kan kinders nou meer leer oor ons inheemse plantegroei, bedreigde spesies en natuurbewaring.

Tien lekkerluister *Bazoo*-stories is verlede maand op CD vrygestel, voorgelees deur bekende akteur, Deon Lotz.

Die CDs is beskikbaar by Anna Emm Productions teen R95 elk, en indien jy voor 31 Julie beide CDs bestel, kry jy ook ‘n gratis *Bazoo* tydskriffie met aktiwiteite en stories!

Die *Bazoo*-CDs is ‘n samewerking tussen Anna Emm Productions (www.AnnaEmm.co.za) en die *Bazoo* Kleutertydskrif (www.Bazoo.co.za). Die *Bazoo* opvoedkundige tydskriffie is beskikbaar by alle Pick n Pay en Spar winkels landswyd, en bevat stories, speletjies en aktiwiteite vir kleuters. Stories op die *Bazoo* CDs:

CD 1
Bazoo en die vlermuise
Bazoo en die vuur
Bazoo en die spookpaddas
Bazoo en die nuwe bure
Bazoo en die diewe

CD 2
Bazoo en die swart arend
Bazoo en die droogte
Bazoo en die jakkals
Bazoo en die rommel
Bazoo en die kinders

Bestel by www.AnnaEmm.co.za of kontak die kantoor by 021 911 5618 weeksdae tussen 08h00 en 16h30.

© Anna Emm Productions 2012

Lekkerbekkies gepantser teen die natreën-winter-koue!

Ons lesers deel hulle foto's - elkeen van hierdie maatjies wen 'n geskenkbewys vir 'n storie-CD!

Leandri Grove

Thomas & Lenka Spoelstra

Nadia Kuhn

Ruan Strydom

SJ & Sonja Britz

Chanté Cordier

Papier en Potlood Spelet jie

~ 2 of meer spelers nodig! ~

1. Neem 'n skoon stuk papier en teken 'n paar rye kolletjies.
2. Elke speler kies vir hom 'n kleur pen of potlood.
3. Spelers neem beurte om 'n enkel horisontale (van links na regs) of vertikale (van bo na onder) strepie tussen twee kolletjies te trek.
4. Die kolletjies moet nog nie verbind wees nie, en ook langs mekaar staan.
5. Wanneer 'n speler die vierde kant van die boksie "toemaak", skryf hy die voorletter van sy naam in die boksie, en mag hy weer 'n beurt kry.
6. Die speletjie is verby wanneer daar nie meer strepies getrek kan word nie.
7. Elke speler tel nou sy aantal boksies en die een met die meeste boksies wen!



© Anna Emm Productions 2012

SOEK DIE VERSKILLE!

Daar is 7 verskille in die twee prentjies. Kry ´n gekleurde potlood en omkring al die verskille wat jy raaksien!



Kompetisie

Drie gelukkige lesers kan hierdie maand elk "*Storieklub CD 1*" ter waarde van R80 wen.

Hierdie reeks van 24 CD's neem jou op avonture saam met Prinses Jana, Prinses Mientjie, Prinses Babsie, Prinses Pippie en ook Prins Thomas, Prins Dirkie, Prins Pieter en Prins Frikkie.

Vraag:
Wie verjaar op Storieklub CD 21?
(Antwoord by www.AnnaEmm.co.za)

Hoe om in te skryf:
Stuur 'n epos met jou naam, kontaknommer, posadres en die antwoord op die vraag na lekkerbekkie@annaemm.co.za

Slegs een inskrywing per persoon!

Sluitingsdatum: 25 Julie 2012. Die wenners sal in die volgende uitgawe van Lekkerbekkie bekend gemaak word.

Junie se wenners!

Speurder Morris Muis CD Kompetisie

Baie geluk aan die wenners van Junie se kompetisie!

Zeldria Duncan van Roodepoort en Alandri Steyn van Brackenfell is elk die gelukkige wenners van 'n Speurder Morris Muis CD 1, voorgelees deur Antoinette Louw.

Lekker luister!

www.annaemm.co.za

Gift Voucher

Beaudèle Health & Beauty cc

CK 2003/029970/23

10% discount

Take this voucher with you and pay only R99 for a manicure, or R140 for a pedicure!!

PROUD SPONSOR OF ANNA EMM

3 Pres Brand Cres.
Panorama, Cape Town Tel. 021 930 1065

Kliek op die “fields” om jou inligting in te vul. Kliek dan “stuur” om die vorm aan ons te stuur.

STORIEKLUB LIDMAATSKAP-VORM:

Naam van Rekeninghouer: _____

Posadres vir pakkies: _____

Huis nr: _____ Sell: _____ Epos: _____

Ek wil aansluit by die STORIEKLUB vir 6 maande en kies die volgende pakket:

NB: Alle pryse sluit posgeld in vir ‘n verwysingsnommer-pakkie, behalwe die eerste opsie (R79) wat met gewone pos gestuur word.

Pakket	Maandelikse fooi	Maandelikse pakkie sluit in
☐ **STORIEKLUB BASIES**	**R79 per maand**	**1 x Storieklub CD** (4 stories) waarde R80
☐ **STORIEKLUB BASIES** *met “tracking nr*	**R99 per maand** Namibië = R105	**1 x Storieklub CD** (4 stories) waarde R80
☐ **STORIEKLUB DUBBEL-80**	**R159 per maand** Namibië = R179	**1 x Storieklub CD** (4 stories) waarde R80 **1 x A-lys CD** van jou keuse (4 stories) waarde R80
☐ **STORIEKLUB DUBBEL-100**	**R179 per maand** Namibië = R199	**1 x Storieklub CD** (4 stories) waarde R80 **1 x B-lys CD** van jou keuse (6 stories) waarde R100
☐ **STORIEKLUB BOEK&CD**	**R130 per maand** Namibië = R150	**1 x Afrikaanse Kinderstories boek + CD** (4 stories) waarde R120
☐ **STORIEKLUB BOEK&CD DUBBEL**	**R250 per maand** Namibië = R280	**2 x Afrikaanse Kinderstories boeke + CDs** (4 stories elk) waarde R240

My keuse van CDs:

(Daar word maandeliks nuwe CDs vrygestel. Jy mag jou keuse van produkte later telefonies verander, en nuwe produkte kies)

A-lys (4 stories per CD)	*B-lys (6 stories per CD)*
☐ Doefdaf die donkie (4 stories) Lorraine du Toit	☐ Jakkals en Wolf CD 1 (6 stories) Hanri Platzoeder
☐ Speurder Morris Muis CD 1(4 stories) Antoinette Louw	☐ Jakkals en Wolf CD 2 (6 stories) Hanri Platzoeder
☐ Speurder Morris Muis CD 2(4 stories) Antoinette Louw	☐ Bybel Buddies CD 1 (6 stories) Deon Lotz
☐ Die Apies (4 stories) Vicky Davis	☐ Bybel Buddies CD 2 (6 stories) Deon Lotz
☐ Vier Wense (4 stories) Dorette Potgieter	☐ Bybel Buddies CD 3 (6 stories) Deon Lotz
☐ ‘n Honger Gormajors (4 stories) Anrich Herbst	☐ Bybel Buddies CD 4 (6 stories) Deon Lotz
☐ Spiertier die Mier (4 stories) Gys de Villiers	☐ Bybel Buddies CD 5 (6 stories) Deon Lotz
☐ Lievelant die olifant (4 stories) Lorraine du Toit	☐ Bybel Buddies CD 6 (6 stories) Deon Lotz
	☐ Eendag was daar ‘n storie CD 1 (6 stories) Deon Lotz
	☐ Eendag was daar ‘n storie CD 2 (6 stories) Deon Lotz
	☐ Eendag was daar ‘n storie CD 3 (6 stories) Deon Lotz
	☐ Eendag was daar ‘n storie CD 4 (6 stories) Deon Lotz

Debiteer my rekening op die 1ste werksdag van elke maand oor ‘n periode van 6 maande:

Bank: _____ Tak: _____ Takkode: _____ Rek.tipe: _____

Naamhouer van rekening: _____ Rekeningnommer: _____

This signed Authority and Mandate refers to our contract as dated as on signature hereof ("the Agreement"). I / We hereby authorise you to issue and deliver payment instructions to the bank for collection against my / our abovementioned account at my / our above mentioned bank (or any other bank or branch to which I / We may transfer my / our account) on condition that the sum of such payment instructions will never exceed my / our obligations as agreed to in the Agreement, and commencing on the commencement date and continuing until this Authority and Mandate is terminated by me / us by giving you notice in writing of no less than 20 ordinary working days, and sent by prepaid registered post or delivered to your address indicated above. The individual payment instructions so authorised to be issued must be issued and delivered as follows i. On the 1ste working day ("payment day") of each and every month commencing on the first date applicable following the date on this agreement. In the event that the payment day falls on a Saturday, Sunday or recognized South African public holiday, the payment day will automatically be the very next ordinary business day. Further, if there are insufficient funds in the nominated account to meet the obligation, you are entitled to track my account and re-present the instruction for payment as soon as sufficient funds are available in my account; ii. Monthly; on or after the dates when the obligation in terms of the Agreement is due and the amount of each individual payment instruction may not be more or less that the obligation due; I / We understand that the withdrawals hereby authorised will be processed through a computerized system provided by the South African Banks and I also understand that details of each withdrawal will be printed on my bank statement. Each transaction will contain a number, which must be included in the said payment instruction and if provided to you should enable you to identify the Agreement. A payment reference is added to this form before the issuing of any payment instruction. I / We shall not be entitled to any refund of amounts which you have withdrawn while this authority was in force, if such amounts were legally owing to you. I / We acknowledge that all payment instructions issued by you shall be treated by my/our above mentioned bank as if the instructions had been issued by me/us personally. I / We agree that although this Authority and Mandate may be cancelled by me / us, such cancellation will not cancel the Agreement. I / We shall not be entitled to any refund of amounts which you have withdrawn while this authority was in force, if such amounts were legally owing to you. I / We acknowledge that this Authority and Mandate has been ceded to Netcash (Pty) Ltd as per your agreement with Netcash (Pty) Ltd, but in the absence of such assignment of the Agreement, this Authority and Mandate will be null and void.

_____ _____

Handtekening Datum

stuur